Marda gesels...

deur Marda Oosthuysen

Liewe Vriendin

Ons 'voel' die verandering in die seisoen... en daarmee saam maak ons al vroegtydig die nodige aanpassings.

Soos ons aanpassings moet maak vir die verandering in seisoen, moet ons betyds ook die nodige 'aanpassings' maak vir die komende Beraad. **Registreer** asseblief so gou moontlik sodat ons aanpassings vir die Beraadkomitee vergemaklik. Soos in my vorige briefie genoem, is dit 'n spesiale Beraad wat u nie mag misloop nie. Kom geniet DK-omgee en warmte soos ons dit net beleef by 'n Beraad. **Registrasie** vind plaas op **Vrydag, 5 Oktober** vanaf 08:30 – 11:00 en die amptelike opening van die Beraad is om 12:00. Onthou, koshuisverblyf is alreeds vanaf Donderdag, 4 Oktober beskikbaar...kom betyds!!

Vriendin...ek hoop jy bekommer jou ook 'n bietjie oor DK-getalle. Ons ledetal is kommerwekkend laag en as ek en jy ons geliefde organisasie wil sien groei, moet ons moue oprol. Ek het al 2 jaar gelede versoek dat elkeen net EEN vriendin moet blootstel aan ons organisasie. Ek weet baie van julle het die uitdaging aangeneem en daar is baie nuwe lede, maar daar móét nuwe groei kom. Nooi NOU 'n vriendin saam na jou vergadering en maak seker dat sy die hartklop van Dameskring ervaar. Ons het soveel om te bied...moenie selfsugtig wees nie.

Ons Waardeprojek se werkswinkels is op dreef. Belinda het reeds 'n paar werkswinkels aangebied en dit is groot blootstelling vir ons organisasie. **Dit is elkeen van ons se plig om ons Waardeprojek bekend te stel**. U mag nie onkundig wees hieroor nie...dit is 'n reuse projek wat baie, baie belofte inhou. Ons is feitlik klaar met die vertaling van die Handleiding na Engels en Sotho...wat 'n reuse uitdaging het ons nie!! Komaan, dis ONS produk...kom ons sit alles in om dit wat saak maak te bemark.

Baie min lede weet regtig hoeveel druk die Uitvoerende Bestuur ervaar en hoe groot die uitdagings is wat aan ons gestel word. Meeste van ons staan ook in 'n voltydse beroep. Ons aanvaar dat uitdagings ons op ons tone hou, maar soms is dit nodig dat jy spesiaal vir ons sal bid. Ons komende UB-vergadering vind die eerste naweek in Junie plaas en daarvoor het ons spesiale voorbidding nodig. Dit is ook die voorlaaste vergadering van die Uitvoerende Bestuur soos u dit ken. Ons het reeds potensiële kandidate genooi na 'n vorige UB-vergadering om hulle bloot te stel aan die werking van die UB...en ek glo hulle is almal entoesiasties om deel te wees. Nomineer hulle betyds! Die amptelike kennisgewing van al die UB-lede wie se termyne verstryk word net na die komende UB-vergadering uitgestuur.

Die **Grondwetwysigings** moes alreeds ingedien wees...maar daar is nog 'n paar dae grasie as jy dalk te laat is. Doen dit asseblief dadelik!!

Liewe Vriendin...ek staan dikwels verstom oor soveel ongelooflike vroue wat nié aan DK behoort nie. Hier in my nuwe omgewing het ek al 'n hele paar geïdentifiseer. Ek wil hulle *soooo* graag betrek in my geliefde organisasie. Kyk om jou rond...en verryk iemand anders se lewe deur haar saam te nooi vergadering toe.

Ek sluit af met 'n seëngebed uit **Freda Schoeman** se pen:

"Mag God jou seën
met emmers vol reën,
vrede in jou hart
en goeie mense oor jou pad."

Groete tot volgende keer...

Marda

BELANGRIK: ***NAAMBALKIEBESTELLINGS - Stuur asseblief jul bestellings (met Naambalkiebestelvorm) teen 15 Mei 2018 na*** admin@dameskring.co.za

IN HIERDIE UITGAWE:

* *BERAAD-REGISTRASIEVORM EN BANKBESONDERHEDE (Bladsy 2-3)*
* *Projekte-terugvoer (Bladsy 3 & 5)*
* *Takke word beloon! Kyk gerus na ons eerste takke wat fototjies ingestuur het (Bladsy 4)*
* *Belinda Campher – Waardes vir Woelwaters-opleidingsoggend in Klerksdorp (Bladsy 5)*
* *Nuwe lede verwelkom (Bladsy 5)*
* *WEN!!!! Twee gelukkige Klits Klets-lesers kan elk 'n boek wen! (Bladsy 6-7)*
* *WENNERS VIR APRIL-BOEKE aangekondig (Bladsy 7)*
* *Uit die kantoor ... (Bladsy 8)*



REGISTRASIEVORM

Let wel: Voltooi ALTWEE bladsye asseblief

SPERDATUM vir REGISTRASIE: 31 MEI 2018

DIE DAMESKRINGBERAAD 5 – 7 OKTOBER 2018 te AFRIKAANS HOëR MEISIESKOOL, PRETORIA.

⇨ **DEPOSITO-BETALING:** **R650 moet Registrasievorm vergesel.**

⇨ **SPERDATUM vir FINALE BETALING: 30 JUNIE 2018**

Naam: _____ Van: _____ Lidnommer: _____
Taknaam: _____ Taknommer: _____ Geboortedatum: _____
dd/mm/jj

Kontakbesonderhede: E-posadres: _____
Selnommer: _____

Is u gemaklik om trappe te klim? JA ☐ NEE ☐

KAMERINDELING:
Indien u met spesifieke persone 'n kamer wil deel, spesifiseer asb.
_____

Geen spesifieke voorkeure nie: _____ (merk hier)

Kontakbesonderhede van 'n naasbestaande:
Naam: _____ Selnommer: _____

Spesifieke dieet wat geakkommodeer moet word (allergieë,ens.)
_____

VERVOERREËLINGS

Reis met: Eie voertuig: JA ☐ NEE ☐ Registrasienommer: _____
Saamry-voertuig JA ☐ NEE ☐ Registrasienommer: _____
Vliegtuig JA ☐ NEE ☐

Merk lughawe: OR Tambo ☐ Lanseria ☐
Spesifieke lugredery: _____ Vlugnommer: _____

Aankomstyd: Datum: _____ Tyd: _____
Vertrektyd: Dag: _____ Tyd: _____

Vervoeropsies vanaf lughawe:
ORTIA Gautrein R175 p persoon
Uber R450 p persoon

Ai yellow AmarillasInternet Corporation
CUM BOOKS BOEKE
LUX VERBI
Pro Line Advertising Giving businesses wings
Ubiz

(Bladsy 3)

Benodig vervoer: JA☐ NEE☐

⇨ **BERAADFOOI:**

OPSIE 1		OPSIE 2		OPSIE 3		DAGBESOEKER OPSIE	
Volledige pakket		Volledige pakket + ekstra nag in koshuis		Volledige pakket SONDER koshuisverblyf		Merk hier as u/of u eggenoot net EEN dag bywoon.	
R1600 Merk in blokkie asb.		**R1750** Merk in blokkie asb.		**R1300** Merk in blokkie asb		**R600** Merk in blokkie asb en dui getal aan	

LET WEL: Die koshuis is slegs beskikbaar as 'n minimum van 50 persone op Donderdagaand kan slaap.

Bankbesonderhede: Rekeningnaam: Die Dameskring
Bank: ABSA Aucklandpark (Lopende rekening)
Takkode: 632 005
Rekeningnommer: 2840 750 062
VERWYSING: Gebruik asseblief die **Registrasienommer**, soos verskaf na registrasie.
Stuur bewys van betaling aan: FAKS: 086 262 4946 E-POS: admin@dameskring.co.za

PROJEK-TERUGVOER

BEURSFONDSBYDRAES

Takke en lede word aangemoedig om reeds te begin bydra tot die 2018-Beursfonds. Baie dankie vir almal se getroue bydraes!
Bydraes van April & Mei sal in die Klitsklets van Junie 2018 verskyn.

Borg 'n bladsy verskyn elke kwartaal in die Granaat - dit is dus 'n deurlopende projek...
Advertensies kan geplaas word teen R150 per bladsy – 'n lyninskrywing – dit moet nie langer as 30 woorde wees nie. Bewys van betaling moet die borg se besonderhede (Naam en telefoonnommer & dorp) en lyninskrywing vergesel en na admin@dameskring.co.za gestuur word.

NUWE LEDE
7336 Linda Giliomee
7337 Elsa Mahne
7338 Juanita du Toit
7339 Elsa Botha
7340 Leanda Cilliers
7341 Ansie du Plessis
7342 Ciska van Rensburg
7343 Anna-Marie Burger
7344 Carine Steyn
7345 Elize Rae

Baie welkom by Die Dameskring! Mag julle tyd met DK geseënd wees.

TAKKE WAT SOMMER VINNIG HUL LEDEGELDE INBETAAL HET ! (Bladsy 4)

yellow AmarillasInternet Corporation
CUM BOOKS BOEKE
LUX VERBI
Pro Line Advertising Giving businesses wings
Ubiz

Eerste plek : Sekelbos (Tak 328)

Baie geluk aan Sekelbos vir hul besondere prestasie om eerste al hul ledegelde in te betaal in 2018! Sekelbos kan volgende jaar kompetisie verwag...

Foto – links: Wilma van Niekerk (Voorsitter: Sekelbostak) & Alita Rose (UB-lid: Gebied 9 – Limpopo)

Foto – bo: Lede van Sekelbostak teenwoordig by oorhandiging:

Tweede plek : Sien gerus in die volgende uitgawe vir foto's van die tak wat tweede al hul ledegelde betaal het...

Derde plek : Visie+ (Tak 213)

Van links na regs: Van VisiePlus Pretoria, Elna Pieterse en Ettie van Niekerk; Annelize Kay (UB-lid van Gauteng- Noord)

Annelize Kay het die Boekpryse aan VisiePlus oorhandig, omdat hulle onder die eerste drie takke was waarvan die ledegeld vol inbetaal is. Baie geluk aan VisiePlus!

'n Dankie-sê vanaf VisiePlus-sekretaris: "Baie dankie vir die besondere boeke wat ons ontvang het. Ons waardeer dit. Baie sterkte met julle taak. Vriendelike groete." Elna Pieterse (seker.) Namens VisiePlus (Tak 213)

Ons wil graag meer van julle bedrywighede & prestasies weet...

Indien julle iets interessant het om te deel, 'n prestasie of sommer 'n 'onverwagte kuier-foto' wil ons dit graag in die Klitsklets plaas. So kan ons mekaar beter leer ken. Stuur gerus jul bydraes aan: **admin@dameskring.co.za**

yellow AmarillasInternet Corporation
CUM BOOKS BOEKE
LUX VERBI
Pro Line Advertising Giving businesses wings
Ubiz

PROJEK-TERUGVOER *vervolg* (Bladsy 5)

Waardes vir Woelwaters

'n Beter lewe vir my kind deur Barbara Payne

Saterdag 5 Mei 2018

Dit was ' n pragtige herfsoggend...

Met 100 liter gekookte sop en 350 vetkoekies het ons na die Manzilpark-saal vertrek.

In samewerking met Men and Women of hope van Alabama het ons Klerksdorp Dameskringtak elkeen sy voorskoot aangesit en ons diensbaar gestel om 'n verskil te maak in mense se lewens. Die saal is die vorige dag versier met blomme en kerse...

Dr Andrew Abdool (Skoolhoof: Alabama Sekondêre skool) het die opening waargeneem.

Belinda Camper het ons toe toegespreek - wat 'n belewenis. Die gehoor het aan haar lippe gehang. Sy het net 'n besondere manier om hierdie tema van ***Waardes vir Woelwaters*** oor te dra.

Ons het heerlike sop en vetkoek geniet.

Daarna het Belinda haar tweede deel van die werkswinkel aangebied en die gehoor het heerlik saamgelag en spontaan gereageer.

Die terugvoering wat ons kry oor die dag is baie positief... en ons is baie dankbaar vir die geleentheid wat ons gehad het om deel te wees van hierdie mooi projek.

Alle eer aan Hom.

Seënwense,
Barbara Payne (KLERKSDORP TAK)

Die volgende artikel het ook in die ***Klerksdorp News*** verskyn...

Talk on child development well attended

Men and Women of Hope, Life FM and Dameskring hosted a very successful talk at the Manzilpark Community Hall on Saturday 5 May.

The keynote speaker was Belinda Campher an occupational therapist from Bloemfontein who spoke about child development under the theme: How can I give my child a better life?

With loads of practical advice Campher spoke knowledgably about emotional wellness, discipline and values. Around 150 people attended the event.

WAARDES VIR WOELWATERS is beskikbaar by Die Dameskring, Hoofkantoor. Bestel gerus jul kopie(ë) by admin@dameskring.co.za

Ai yellow AmarillasInternet Corporation
CUM BOOKS BOEKE
LUX VERBI
Pro Line Advertising Giving businesses wings
Ubiz

BOEKRESENSIES VIR MEI

(Bladsy 6)

STORMKIND deur RIANA SCHEEPERS

Hoewel ek nie lief is vir etikette nie, maak sekere beskrywings dit tog vir die leser makliker om te kies wat om te lees. Hierdie verhaal van die bekende skrywer, Riana Scheepers, val gewis onder die afdeling Goeie Gewilde Prosa. Dit is 'n heerlike leesverhaal wat 'n mens van die tot die einde boei, dit lees vinnig en maklik, maar het genoeg om die lyf om die leser nog lank oor die storie te laat nadink.

Stormkind is die verhaal van Jana, wat op 'n wynplaas by haar pa en sy ouers grootword sedert haar Ierse ma spoorloos verdwyn het toe sy drie jaar oud was. Jana loop in haar slaap (veral op storm- en reënnagte), haar onderbewuste soekende na haar ma. Haar ouma, met die wysheid van jare en eie ondervinding, laat haar toe om die verlies op haar manier te verwerk, al sukkel haar pa om haar by te staan in hierdie tyd, omdat sy eie hartseer en verlatenheid te groot is. Hulle verlies is 'n storm wat nie gaan lê tot hulle nie albei terug is Ierland toe en daarmee vrede gemaak het nie.

Hierdie is by uitstek 'n verhaal oor vroue. Die hoofkarakters is sterk en interessante vroue, soos dit dikwels in Riana Scheepers se kortverhale ook voorkom. Jana se steunpilaar is haar ouma Lien, self 'n vrou van die natuur en die veld, wat Jana se behoefte om buite te wees, verstaan. Ouma Lien onthou vir Letjie, die Boesmanvrou wat by haar ouers gewerk het en wat kleintyd haar gids tot die natuur en die veld was. Een nag ontmoet Jana die Boesmandogtertjie !X'uri, wat haar die dinge van die ou mense leer, al die veldkennis wat geslagte lank deur vroue oorgedra word. Hierdie verbeeldingsmaatjie van haar is ook aan ouma Lien bekend, want al die kennis wat Letjie aan haar oorgedra het, kom van die oerbron van vroue, eintlik een en dieselfde vrou. Dan is daar nog 'n vrouekarakter, wat die leser net deur die vertellinge van die ander karakters leer ken, Deidre, Jana se pragtige Ierse ma, goedhartig en musikaal. Ook Jana se ma, al is sy nie 'n vrou van Afrika nie, is in gees verbind aan hierdie oerbron van vroue.

'n Belangrike konsep wat in hierdie boek na vore kom, is magiese realisme. Dit is 'n literêre term wat beteken dat die magiese/absurde/fantasiewêreld vermeng word met die realiteit. Die reële aspekte van die verhaal, soos die karakters, ruimte of gebeure word geplaas teen 'n agtergrond van die magiese/metafisiese/nie-werklike/verbeelde. As 'n mens so daarna kyk, bevat alle verhale tog iets van die magiese/verbeelde wêreld, maar magiese realisme as literêre konsep handel veral met die onderbewuste, mites en legendes en die oerbewuste van die mens. In die Afrikaanse literatuur is Etienne Leroux en, natuurlik, Etienne van Heerden die meesters hiervan. Hierdie verhaal van Scheepers plaas haar in dieselfde kategorie as Van Heerden se magiese verhale uit die Karoo-omgewing. Dit is een van my gunsteling-konsepte in literatuur, want dit dwing 'n mens om bewus te wees van dit wat nie altyd met die blote oog gesien kan word nie, en dit laat jou besef dat alles in die wêreld nie met jou verstand en logika verklaar kan word nie - die mens is 'n geestelike en spirituele wese en is juis soveel meer as net liggaam en verstand.

Scheepers maak in hierdie boek gebruik van die Boesmanverhale en –legendes om hierdie magiese ruimte te skep en die teenwoordigheid van spoke op die plaas, so asof hulle deel is van die alledaagse lewe, beklemtoon hierdie ruimte. Jana beweeg gemaklik tussen die werklike en magiese ruimte en dit maak van haar 'n baie fassinerende karakter. Die spoke is ook 'n skakel met die verlede en dit beklemtoon dat geen mens se lewe in isolasie met sy verlede of agtergrond of kultuur afspeel nie. Die Ierse kultuur is ook bekend daarvoor dat dit die magiese as alledaags aanvaar en in hierdie verhaal is 'n doelbewuste vermenging van die Ierse en Afrikakulture en sienswyses.

Hierdie is 'n bekoorlike verhaal met karakters wat jou kan bybly en 'n afwisseling van bekende Boesmanverhale, met vaardigheid deur die roman verweef. Die leser beleef empatie met Jana en die ander karakters en maak dit 'n boek wat jou nog lank bybly. Dit is definitief 'n aankoop werd.

Wedstrydvraag: Wat is die naam van Jana se verbeeldingsmaat, die klein Boesmandogtertjie wat eintlik as oer-vrouefiguur uitgebeeld word?

E-pos jou Naam, Fisiese adres (vir koerier) en antwoord na: admin@dameskring.co.za

BAIE DANKIE AAN NB UITGEWERS VIR DIE MAANDELIKSE BOEKE WAT DEUR HULLE GEBORG WORD

Ai yellow AmarillasInternet Corporation
CUM BOOKS BOEKE
LUX VERBI
Pro Line Advertising Giving businesses wings
Ubiz

Hoop wat alles oorwin – Anniéra McFarlane (Bladsy 7)

15 Bybelkarakters wys jou hoe om hoop te skep as die lewe se swaarkry jou onderkry.



Jy verloor jou werk. Jou kind maak droog. Jou drome vir 'n gelukkige huwelik lê aan skerwe ... Teleurstelling en rampe is deel van die lewe. Maar daar is altyd hoop, verseker ervare skrywer Anniéria McFarlane jou.

In ***Hoop wat alles oorwin*** vat Anniéria hande met 15 Bybelkarakters, soos Job, Josef en Rut, om te sien hoe hulle swaarkry hanteer en daardeur gegroei het, maar belangriker: Anniéria wys jou in 33 kort, insiggewende hoofstukke hoe jy ook moed kan skep in donker situasies en God se lig van hoop kan ervaar.

Anniéria McFarlane woon in die Strand, waar sy veral betrokke is by haar gemeente se Getuienisaksie. Sy wil graag deur haar skryfwerk nuwe hoop gee aan mense wat moeg en moedeloos is, en mense aanmoedig om hulleself nooit as slagoffers te sien nie, maar eerder as oorwinnende krygers in die weermag van die Koning.

Wedstrydvraag: **Noem een van die 15 Bybelkarakters wat Anniéra McFarlane in haar boek beskryf.**
E-pos jou Naam, Fisiese adres (vir koerier) en antwoord na: admin@dameskring.co.za

BAIE DANKIE AAN CUM BOEKE VIR DIE MAANDELIKSE BOEKE WAT DEUR HULLE GEBORG WORD

WENNERS VAN APRIL-BOEKE:

DIE OU VROU EN DIE PRIESTER *deur* **Cecile Cilliers:**
Lynette Oosthuizen, **PORT ELIZABETH**
Vroue van die Bybel 2 *deur* **Esté Geldenhuys:**
Aneen de Jongh, **DESPATCH**

---

yellow AmarillasInternet Corporation
CUM BOOKS BOEKE
LUX VERBI
Pro Line Advertising Giving businesses wings
Ubiz

Uit die kantoor... deur Sonja Bothma (Bladsy 8)

'n **Groot dankie** aan ***Mariette de Villiers*** (van Waterkloof Glen-tak) vir die 48 pragtige argief-leêrs wat sy geskenk het aan Hoofkantoor. Dit gaan my liasseringstaak aansienlik vergemaklik!

KLITSKLETS

Die Dameskring **(HOOFKANTOOR):**

Gerard Moerdijk-huis, Voortrekkermonumentterrein, Eeufeesweg, PRETORIA

Tel: 012 301 1777 Faks: 086 262 4946 admin@dameskring.co.za

Webtuiste: www.dameskring.co.za

U ontvang hierdie e-pos omdat u geregistreer is as 'n lid op *Die Dameskring*-databasis. Indien u dit nie wil ontvang, e-pos asseblief 'Kanselleer' na admin@dameskring.co.za

Ai yellow AmarillasInternet Corporation CUM BOOKS BOEKE LUX VERBI Pro Line Advertising Giving businesses wings Ubiz